

“When something bad happens, you have 3 choices: you can let it define you, let it destroy you or you can let it strengthen you.” Author unknown

Augustus was 'n opwindende maand in die Smit-huishouding. Johannes se oudste neef, Louwtjie het met Nina getrou. Ons kon die troue by Opstal (naby Rawsonville) bywoon en het die hele naweek saam met die Smit-Viljoen-familie by Goudini Spa gekuier. Ons het heerlik in die warm water geswem en Saterdag die troue bygewoon.

Nicholaus het begin om elke week vir Johannes te kom kitaar speel. Hy is besig om sy eie geestelike liedjies te skep en Johannes kan deel wees van hierdie proses. Na die tyd het ons ook uitgevind dat Nicholaus deel van HEY! is aan wie Johannes en my suster verlede jaar die skenking van Bybels gemaak het na hulle fondsinsamelingsprojek.

Dankie aan Isabel wat weer mildelik bygedra het met Melatonien wat sy van Nederland af bestel het. Ons waardeer dit opreg. Die Melatonien help Johannes om saans heerlik te ontspan. Omdat hy nie kan sien nie, weet hy nie wanneer dit nag is en hy moet slaap nie.

Die 2 fisioterapeute het gehelp om navorsing te doen i.v.m 'n nuwe loopraam vir Johannes. Omdat sy linkerhand nie funksioneel kan vashou nie, het hulle op 'n raam met geute as armleunings besluit. Hy kan dan met sy arms op die geute lê wanneer hy stap. Independency het eers vir ons die K-Walker geleen om te toets of dit sal werk. Aanvanklik was Johannes skepties, maar na die derde probeerslag het hy en Annelie (die fisio) dit mooi reggekry. Almal was baie opgewonde nadat ek die video versprei het. Alle eer aan die Here wat nooit ophou om ons te verras nie.

Lank terug het Zelda vir my inligting oor 'n “anti-gravity masjien” gestuur wat sy uit 'n mediese tydskrif afgeneem het. Na 'n uitgebreide soektog, kon ons die masjien saam met 2 vorige jaar studente, Nicole en Stephanie, op Stellenbosch opspoor. Stephanie het 'n sessie op die masjien gereël. Eers trek Johannes 'n tipe fietsrybroek met 'n ritssluiting bo om die middel aan waarna hy binne-in 'n groot sak klim. Hy word vasgezip en die sak word vol lug gepomp. Die masjien is so gestel dat Johannes se effektiewe gewig daarna net 30% van sy liggaamsgewig is. Die “treadmill” word aangeskakel en dan kan Johannes maar loop! Sy loopspoed is eers baie stadig gestel sodat hy gewoon kan word aan alles. Ons is baie opgewonde oor Johannes se vordering en sy vasberadenheid. Ons prys die Here vir nog 'n mylpaal.

“So many of our dreams at first seem impossible, then they seem improbable, and then, when we summon the will, they soon become inevitable.” - Christopher Reeve

Gebedsversoeke:

- Baie dankie aan die goeie vordering wat Johannes hierdie maand gemaak het
- Dankie aan almal wat meegedoen het om Johannes te motiveer sodat hierdie twee aparate suksesvol gebruik kan word
- Dankie aan ons Hemelse Vader wat vir ons nuwe hoop gegee het
- Dankie aan almal wat saam bid vir Johannes se sterk word, sy hoofpyne wat moet verdwyn, sy sig wat moet terugkom
- Dankie dat die Smitte gesond en geseënd is
- Dankie aan elke Versorger wat elke week getrou kom help en klas gee

Weereens kan ons vashou aan Johannes se anker teksvers.

Jes 41:13

Ek is die Here jou God ,Ek vat jou hand

Ek sê vir jou: moenie bang wees nie Johannes, Ek help jou!

Tot volgende keer. Anelé

Foto's Vorderingsverslag 83



Die Smitte by Louw en Nina se troue



Nicholaus en Johannes maak musiek



Vriend Chris en Johannes by sy poegie



Johannes en Annelie stap met die K-Walker



Die Anti-gravity masjien



Johannes en die studente